Augustus 2003

Dagsê alle belangstellendes in die Geskiedenis van ou Pretoria,

Ek kan nie glo dit is ‘n net ‘n maand gelede wat ek laas geskryf het nie, so baie het intussen gebeur. Ek hoop julle het net so ‘n interessante en genotvolle maand agter die rug.

**<u>Begrafnis van Paul Kruger</u>** [16 Desember 1904]
Vandag wil ek graag iets skryf oor die begrafnis van Pres. Kruger. In 2004 sal dit 100 jarige herdenking van sy dood en begrafnis wees.

Ek het onlangs ‘n kopie van die “*Programma van de Ter=Aarde=Bestelling van S.J.P. Kruger*” gekry. Dit is vreeslike interessante leesstof. Dit is die “*nieuwste uitgawe*” gedruk deur die Volkstem-Drukkerij in Pretoria [1904]. Daarmee saam het ek ook ‘n hele paar fotos wat die dag geneem is. Daarin word o.a. die name van die verskillende provinsies se reëlingskomitee gegee en die tyd waarop die trein met sy oorskot by die verskillende stasies in die land verby sal kom.

Die stoflike oorskot van Pres. Kruger het op 10 Desember in Pretoria aangekom en het tot die dag van die begrafnis in die Suzannasaal van die Ned. Herv. Of Gref. Gemeente in staatsie gelê. De Zwaan en Soff [argitekte] het die rou-versiering van die saal gedoen. Die saal met die stoflike oorskot was daagliks van 8 uur af oop vir die publiek. [die saal was op die suidwestelike hoek van Vermeulen – en Kochstraat waar die Bosmanstraat kerk vandag is DUN-01 p293]

Sesuur die oggend van die begrafnis het al die klokke van Pretoria vir ‘n halfuur lank gelui. Die oggend om 10 uur is die “***Godsdienst=Oefening***” gehou op die plein voor die Gereformeerde Kerk [oorkant Krugerhuis]. Aan die westekant van die kerk is ‘n “*spreek-gestoelte*” opgerig [is dit waar ons Afrikaanse woord preekstoel vandaan kom?]. Die sprekers was die predikante van die drie Hollandse Kerke. Die dames moes aan die linkerkant en die mans aan die regterkant van die spreek-gestoelte plaasneem.




Om halfvier die middag was daar ‘n byeenkoms op Kerkplein waar drie sprekers nl, Schalk Burger [gew.Wd. Staats President van die Z.A.R.], Christiaan de Wet [gew. Hoofkommandant van die Oranje Vrystaat] en Louis Botha [gew. Kommandant Generaal van die Z.A.R.] gepraat het. Indien die bostaande foto vergroot word sien mens vir Burger, Botha en De Wet by die opening van die afdak.

Om ongeveer vieruur die middag is ‘n deel van die begrafnisstoet op Kerkplein opgestel, lede van deputasies en verenigings aan die oostekant van die Paleis van Justisie en Landsburgers in

rye van 20 op Kerkplein.  Die res van die stoet is eers by die Suzannasaal opgestel voordat dit na Kerkplein beweeg het, en het o.a. bestaan uit die ere lykswag, 'n mannekoor wat treurliedere gesing het, Treur-muziek ['n orkes], waens met kranse, die lykswa vergesel van 16 slippe draers, familielede, hooggeplaasde regeringsamptenare en verteenwoordigers van ander lande.  ["*geen rijtuigen sullen in die stoet toegelaten wordend*"]



Hier word die stoet op Kerkplein opgestel.  Ons sien die koor en die orkes en dan die swart perde wat die lykswa trek.  Eenkant staan 8 waens met kranse reg om te vertrek.
Van vyfuur af terwyl die stoet deur Kerkplein en toe met Kerkstraat na die begraafplaas beweeg het, het al die klokke in Pretoria weer vir 'n halfuur lank gelui.

By die poort van die begraafplaas is 'n slotrede deur Ds. Van der Linde van Kroonstad gelewer, waarna slegs familielede die kis na die graf gevolg het.




In Kerkstraat af op pad na die begraafplaas

Onthou die volgende: Daar bestaan baie wanopvattings oor die dag. Die foto wat gewoonlik in boeke verskyn [en wat ek ook gebruik het] is een van ‘n aantal mense op Kerkplein voor die kerk waarvan die toring reeds afgebreek is. Dit word dan beskryf as die begrafnis van Pres. Kruger. Ek het al mense hoor sê dat die Engelse die toring afgebreek het sodat die diens nie in die kerk gehou kon word nie. Eerstens was daar geen kerk in Pretoria wat groot genoeg was vir so ‘n menigte mense nie, en tweedens is die [kerk] diens nie op Kerkplein gehou nie, maar wel voor oom Paul se eie kerk oorkant sy huis in Kerkstaat.

Nou dat ek dit wat ek geskryf het weer deurlees is dit nie baie interessant nie, maar maak u oë toe en luister of u nie die klokke wat lui en die mannekoor se treurliede kan hoor nie.

**Terugvoering van verlede maand se brief**

Antwoord:navraag oor watervoorsiening aan forte

Schanskop & Klapperkop is van water voorsien deur 'n pompstasie te Fonteinedal. Die water is via ondergrondse pype gepomp na 'n reservior onder die fort ( by Klapperkop is die deure van die reservior nog duidelik sigbaar) Wonderboom en Daspoortrand is voorsien deur water vanaf die Apiesrivier. Twee interresante brokkies oor die reserviors: daar is 'n foto van die aanlê van die pype na Schanskop in die Paff versameling in die Parlementsbiblioteek ( as iemand af gaan Kaap toe en daar veby gaan, laat my weet ek soek dringend afskrifte van sekere van die dokumente) en toe Schanskop in die 1960s gerestoureer is as museum is 'n hele kas pom-pom kartetse in die resevior gevind, almal splinternuut en onafgevuur. Ongelukkig het die weermag die laaste een vernietig.

Johan Wolfaardt

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel